# CHRISTUS EN SY GEMEENTE IN PROFESIE

**Deur E. Frank**



Hierdie bo-natuurlike wolk het op 28 Februarie, 1963 verskyn naby die berg Sunset, noord van Tucson in Arizona, V.S.A., net soos dit aan Eerw. Branham in 'n visioen op 22 December 1962 gewys was. Kan dié 'n teken wees van die naderende wederkoms? Alhoewel die foto van vêr af geneem was, is die aangesig van die HERE tog erkenbaar.

In die tydskrif SCIENCE MAGAZINE van 19 April 1963, was hierdie foto op die voorblad gedruk, met 'n berig deur James E. McDonald van die "Institute of Atmospheric Physics" by die Universiteit van Arizona, in Tucson. Daarin verklaar hy dat daar geen verduideliking vir die verskynsel is nie. In die welbekende LIFE tydskrif van 17 Mei, 1963 was die foto ook met 'n artikel gepubliseer. Die helder wolk was waargeneem in die andersins wolklose blou lug, op 'n hoogte waar daar geen vog is om wolkvorming moontlik te maak nie. Dit is gewis 'n bevestiging van die Almagtige, wie in Sy liefde ook diegene tegemoet kom wie nie glo sonder dat hulle gesien het nie.

# Christus en Sy Gemeente in Profesie

Deur E. Frank

# Inleiding

Die doel van hierdie boekie is om u aandag op Christus en Sy Gemeente te fokus, volgens die profetiese woorde van die Skrif. Sedert die begin van tyd het die manne van God die heilige handelinge van die Almagtige aangeteken. Hulle het getuig oor wat hulle gesien, gehoor en ervaar het. Sodanige getuienis word in beide die Ou én die Nuwe Testament gevind. Ons leef nog in bybelse tye en het nog steeds toegang tot dit wat die HERE doen vandag. God is nie dood nie, soos sommige glo of beweer nie.

Ek het die Woord van God bedien in meer as 100 lande regoor die wêreld en het op uitnodiging in verskillende kerke soos die Anglikaanse, Lutherse, Metodiste, Baptiste, Pinkster kerke en vele andere gepreek. ‘n Getroue dienaar van God ignoreer grense wat mense opgestel het en weet dat God Sy kinders oral het. Predikers en gemeentes word oorweldig wanneer die plan van verlossing uit die Woord aan hulle uitgelê word, in die lig van die vervulling van bybelprofesieë.

Wêreld-bekende predikers van die verskillende denominasies erken en bely dat William Branham op ‘n hedendaags-ongekende manier deur God gebruik was,  soos nog geeneen in ons tyd nie. Sommige probeer om sy bediening te verkleineer met die doel om sy God-gegewe invloed onder die mense te vernietig. Hulle kan dit nie ontken dat hy 'n magtige profeet was nie, tog waarsku hulle teen sy bybelleringe – wat nie sin maak nie. Bitter en soet water kan nie uit dieselfde fontein vloei nie.

‘n Leidende profeet is 'n siener wat die goddelike openbaring van die Woord bring en is vanaf sy geboorte verorden tot uitsonderlike doeleindes (Jer. 1:5). Die geïnspireerde preke van hierdie nederige man wie deur God gestuur is, het die Woord van God met nuwe lig bestraal. U sal verbaas wees oor die geestelike en tydige inligting wat daarin vervat is. Sommige sal dit natuurlik moeilik vind om te verstaan, net soos dit was in die tyd van die apostels (2Petr. 3:16).

Onkundige en onstabiele mense misbruik sekere stellings van God se profeet tot hul eie ondergang. Daarom is dit baie belangrik om al die leringe met die Heilige Skrif op te lyn – die Bybel moet ons absoluut wees.

Lees asseblief die boekie biddend, dat die inhoud hiervan u help om die plan van verlossing beter te verstaan en om die HERE Jesus Christus soos nooit tevore lief te het. **Moenie oordeel volgens wat mense doen of sê nie! Wees bewus van die erns van u besluit. Maak seker dit is reg!**

God seën u ryklik. Die Skrywer

# Christus en Sy Gemeente in Profesie

Hierdie is waarlik 'n wonderlike tydperk in die geskiedenis van die mensdom. Op elke gebied is daar gedurig nuwe ontdekkings. Enorme vooruitgang is gemaak – die ongelooflike het 'n werklikheid geword. Niks blyk meer onmoontlik te wees nie. Hierdie geslag het die oorgang vanaf die tyd van perdekarre tot die era van ruimtevaart gesien. Almal probeer om tred te hou met die tye. Maar nou ontstaan egter die groot vraag: het ons tred gehou met die dinge van die koninkryk van God? Wat van vooruitgang in die geestelike ryk? Het ons die pas bygehou met die Heilige Gees toe die HERE ons die hoogste hoogtes wou laat uitstyg?

Miskien is u 'n Christen – dankbaar vir dit wat God gedoen het in die verlede. Miskien kyk u selfs met verwagtende verlange na wat gaan plaasvind in die toekoms; maar die uiters belangrike vraag is: besef u dat die Bruid van Christus nou deur die Heilige Gees gelei word tot volmaaktheid?

Die Gemeente van Jesus Christus is gestig op die dag van Pinkster, toe God self die patroon van ware christelikheid daargestel het vir die ganse heidendom. Hy erken niks anders as Sy Woord nie. Elke individu en elke kerk moet hulle leringe en hul basiese oortuigings en oorlewing vergelyk met die leringe van die vroeë Gemeente – elke gelowige het ‘n persoonlike bonatuurlike ondervinding gehad met Christus en was deur die Heilige Gees in die Gemeente geplaas as seuns en dogters van God.

Ongelukkig moet ons sê dat hoewel die Kerk so 'n heerlike begin gehad het, het vleeslikheid geleidelik in die geledere van die verlostes ingesluip. Mense het begin koud en formeel word en hul eie belydenisse en werkheiligheid geleer. Met verloop van tyd het onverskilligheid ingetree en het die meeste van die christendom begin om te onttrek vanaf die pad van die lig, tot geestelike duisternis. Maar God waak oor die wat aan Hom behoort. In elk van die sewe kerk-eeue het Hy ‘n boodskapper gestuur om weer die vuur van God opnuut aan te steek. Die magtige Heilige Gees het in hul midde gewerk en hulle gelei in die beloofde Woord van hul tyd.

*"Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte"* (Gal. 4:28). Die kinders van die belofte ontvang die Woord van die belofte en word verseël deur die Heilige Gees van die belofte (Efé. 1:13).

Die geestelike herlewings wat in die afgelope tyd oor die nasies gesweef het was tye van verfrissing vanaf die HERE, waardeur die HERE Sy kinders se aandag gevestig het op die vervulling van die beloofde Woord. Die geloof van Abraham en sy hele nageslag het altyd berus in die belofte wat God gemaak het.

God het nog altyd Sy eie genadiglik gelei en hul weë bestuur. Selfs tydens die donker eeue kon hulle die verskriklike vervolging en marteling verduur, want God was met hulle. Met dankbare harte kan ons terugkyk na die dae van die Hervorming en die herlewing wat gevolg het, waardeur God Sy eie stap vir stap na duideliker lig gelei het. Ons kan egter nie bly staan by 'n besoeking van die verlede, waaruit baie verskillende denominasies ontstaan het nie. Die Gees van God is nooit beperk tot die grense van 'n organisasie nie. Hy beweeg altyd verder en toon Sy krag aan al die ware gelowiges, totdat hulle gegiet is in die geseënde vorm van die HERE Jesus Christus. Binnekort sal Hy terugkeer om ‘n Woord-Bruid te kry wat sonder vlek of rimpel is.

Aan die begin van die 20ste eeu was daar 'n magtige uitstorting van die Heilige Gees; die gawes was weer aan God se kinders herstel. Regoor die wêreld het mense ‘n tydperk van geestelike verkwikking uit die hoogte beleef. Ouer mense in elke land kan getuig van die kragtige besoeking van die Almagtige God. Maar selfs ná hierdie tydperk het Hy nie Sy eie gefaal nie. Baie van hulle is nog lewende getuies van die kragtige redding en die herlewing van genesing wat die Tweede Wêreldoorlog gevolg het. In Sy groot genade en liefde het die HERE Sy kinders aanhoudend aangemoedig deur die Heilige Gees, om hulle aandag te trek na die beloofde Woord vir ons tyd. Volgens Sy Woord, wou Hy ook lig werp op Sy ewige plan, om dit wat verborge was deur die eeue heen, te openbaar.

Die laaste beweging begin onder die direkte roeping van die Almagtige God aan William Branham in Mei 1946. Die unieke en buitengewone heils- en genesings-bediening, het die massas grootliks beindruk. Die HERE self het Sy bediening bevestig voor die oë van derduisende mense regoor die wêreld. Toe hy egter die ware leringe van die Bybel bring, het die massas dit verwerp. Dit was duidelik dat hulle net agter die brode en visse aan was. Maar die groep ware volgelinge van Christus het weer vernou en slegs 'n minderheid het die profetiese bediening in sy geheel omhels en die dag en die boodskap erken – hulle is gereed om die HERE te volg waar Hy hulle ook al heen lei.

Sedert die dae van die apostels was die Woord van God nie in sy volheid verkondig soos nou in hierdie herlewings-herstelling nie. Jesus Christus openbaar nou Sy krag en bewys dat Hy in die ware sin van die Woord dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid is. Ons wat die voorreg het om te lewe in hierdie laaste kerk-eeu, het die lig gesien en is uit geestelike duisternis gebring. Die Woord-Bruid, die uitverkorenes van God, is besig om terug te keer na die oorspronklike leerstellinge van die Bybel, onder die leiding van die Heilige Gees.

Op hierdie stadium het ons die heel laaste dae van die volledige herstel van die Gemeente van die lewende God bereik, soos in Joël 2:25 belowe: *"En Ek sal julle vergoed die jare ..."*. Handelinge 3:21 lui eenvoudig dat die hemel Christus moet ontvang *"... tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete"*. Jesus Christus sal terugkeer vir 'n Bruid wat perfek terug herstel is na Sy Woord.

Wanneer God ookal 'n geestelike herlewing stuur, slaan Sy volk ag op die goddelike oproep en skei hulle van alle ongeloof, alle onverskilligheid en van vormdiens. Hulle beweeg aan, soos die Heilige Gees lei.

Nog nooit tevore in die geskiedenis was daar sulke groot-skaalse evangelistiese en godsdienstige aktiwiteite soos vandag nie. Ons het nooit voorheen die middele en geleenthede gehad soos ons nou het nie. Maar ook was dit nooit moeiliker om die regte besluite te maak soos nou nie – dit omdat reg en verkeerd nou hier aan die einde so na aan mekaar is. Jesus sê in Matthéüs 24:24 dat misleiding in die eindtyd so groot sal wees dat selfs die uitverkorenes mislei sou word as dit moontlik was. God Sy dank dat dit nie moontlik is nie!

Ons hoor so baie van Christus en die Gemeente, maar waar kan ons Hom vind soos Hy in die Bybel aangebied word? Waar is die Gemeente soos dit aan ons beskryf word in die Skrif? Beweer elke christelike denominasie dan nie dat hulle die ware Gemeente is nie? Word alle godsdienstige aktiwiteite dan nie gedoen in die naam van Jesus Christus nie? Almal eis dan dat hulle reg is, maar 'n blote eis regverdig niemand nie. In God se oë is daar net die een en enigste ware Gemeente — *"Die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid"* (1Tim. 3:15), die woonplek van die Allerhoogste. Dit is net *"een HERE, een geloof, een doop"* (Efé. 4:5). Alle lede van die liggaam van Christus is aan mekaar verbind en met Hom (1Kor. 12:12). Ons moet onsself almal onthou van enige private interpretasies en God toelaat om self deur Sy Woord te spreek.

Die verborge skatte word ontdek en geopenbaar deur die God-gegewe profetiese bediening in ons tyd. Ons besef dat die koms van die HERE Jesus Christus baie naby is en ons kan nie bekostig om te luister na die baie stemme wat ons omring nie. Ons moet luister en gehoorsaam wees aan die geroep van die Goeie Herder na Sy skape, en dan moet ons Hom volg. *"Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan"* (Matthéüs 4:4). Nie net sekere dele wat pas in ons eie konsep nie, maar van elke Woord van God!

Tot vandag toe is die Bybel die enigste gesag en riglyn in alle geestelike sake. Wanneer dit die hantering van die woord van profesie behels, betree ons heilige grond. Trek tog u skoene uit, wanneer die HERE praat!

## Christus in Sy verskeie Aspekte

Die Woord van God wys aan ons die HERE Jesus Christus in Sy baie verskillende hoedanighede en titels soos Hy in die plan van verlossing gemanifesteer word. Ons sien hom as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29). Hy was die Hoëpriester wat die heiligdom ingegaan het met Sy eie bloed (Hebr. 9: 11-12). Hy is die Middelaar tussen God en die mens (1Tim. 2:5) – die bemiddelaar wat vir ons intree (1Joh. 2:1). Hy is die Leeu uit die stam van Juda (Openb. 5:5), Koning van die konings, HERE van die here (Openb. 19:16). Hy is die alles in almal vir die gelowiges, God geopenbaar in die vlees (1Tim. 3:16). Hy is die Seun van God, Seun van die mens en die Seun van Dawid.

Die vier Evangelies beskrywe die lewe van Christus, Sy bediening en lyding, Sy dood, roemryke opstanding en geseënde hemelvaart. Hy verlos Sy eie aan die kruis van Golgota met die storting van Sy Heilige bloed. Op die dag van Pinkster kom Hy terug in die vorm van die Heilige Gees, en kom maak Sy woning in dié wat Hy verlos het. Sedertdien, doen Hy dieselfde werke deur hulle, soos tydens Sy aardse bediening. Hy bevestig die verkondiging van Sy Woord met gepaardgaande tekens (Heb 2:4).

Die vroeë Gemeente het *"volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede"* (Hand. 2:42). Kan ons dieselfde sê? Hulle het besef dat die apostels geïnspireer was om te skryf en te praat onder die leiding van die Heilige

Gees. Kan dieselfde gesê word van ons en van die kerk waaraan ons behoort?

Die Apostels het die funksionering en orde van die Gemeente in hul briewe beskrywe. Volgens Efésiërs 4:11 en 1Korinthiërs 12:28, het God aan Sy Gemeente apostels, profete, leraars, evangeliste en pastore geskenk. Hierdie bedieninge is God-gegewe vir die vermaning en vervolmaking van die liggaam van Christus. Hy het ook aan die Gemeente geestelike gawes gegee tot opbouing en stigting daarvan (1Kor. 12: 4-11). Elke ware lid van die liggaam van Christus dra die vrugte van die Heilige Gees (Galasiërs 5: 22-26). Mag dit heeltemal duidelik wees aan almal dat die hele Woord van God nog steeds geldig is.

Die Woord van God gee ons duidelike en akkurate inligting oor al die bedieninge, leringe en ordinansies van die Gemeente van Christus. Niemand moet mislei word nie. Enigeen wat die begeerte het om dit te doen wat reg is, moet die ware bybelse patroon volg. Perfeksie kan net bereik word deur gehoorsaamheid aan al die fondamentele leerstellinge van die Bybel. *"Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na volmaaktheid voortgaan ..."* (Hebr. 6:1).

Die profetiese aspek van Christus en Sy Gemeente is baie belangrik, veral nou, wanneer bybelse profesieë vervul word. Ons kan natuurlik praat oor die huidige chaotiese wêreld situasie, oor die tekens van die eindtyd, oor Israel en vele ander onderwerpe. Ons dank gaan aan die Almagtige God wat Sy belofte aan die Jode én aan Sy Gemeente gestand hou. Elke ware gelowige kyk gunstiglik na Israel, ongeag die verhouding en die uitkyk van die land waarin hy woon teenoor Israel. Die Israeliete en hul oorlewing is op sigself 'n wonderwerk. *"Hoor die woord van die HERE, o nasies, en verkondig in die kuslande wat ver is, en sê: Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos 'n herder sy kudde"* (Jer. 31:10).

God sal Israel sekerlik nooit vergeet nie en hou by al Sy goeie beloftes vir die natuurlike nageslag van Abraham, totdat al Sy bedoelinge met hulle vervul is. Daar is twee dinge wat parallel loop in hierdie geslag – **die hergroepering van die Jode vanuit al die nasies** en **die roeping van die Bruid van Christus uit alle organisasies**. Alles het nou hul hoogtepunt in die vervulling van profesieë bereik.

Binnekort sal die finale oorwinning kom en dan sal die Allerhoogste verheerlik word. Dit is heeltemal opwindend om te weet hoe die Bruid voorberei word voor die wegraping plaasvind. Daarna sal die Gees van die HERE opgehef word vanaf die nasies, en die HERE sal aan Sy broeders, die Jode, bekend gemaak word (Sag. 13).

Om 'n totale oorsig van Christus en Sy Gemeente in profesie te kry, moet ons ons wend tot die boek van profesieë, die Openbaring van Jesus Christus. Ware Christene handhaaf altyd 'n gebalanseerde benadering tot die Skrif en erken elke woord in die regte konteks.

Die vier Evangelies wys veral die lewe van Christus vanaf Sy geboorte tot Sy hemelvaart. Die briewe van die Apostels bevat al die leringe en insettinge van die nuwe-testamentiese Gemeente. So ook toon die boek Openbaring Jesus Christus as die Seun van die mens in die midde van die sewe goue kandelaars. Die HERE het dit goed gevind om in ons tyd die Woord van profesie aan ons te openbaar. Johannes het die voorreg gehad om in te kyk op al die dinge wat moet gebeur, totdat tyd invou in die ewigheid. Ons moet alle dinge reg plaas en sien in hul behoorlike perspektief in die lig van God se Heilige Woord.

Die boek Openbaring begin met 'n spesiale seëning: *"Salig is hy wat die woorde van hierdie profesie lees, en die wat dit hoor, en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby"* (1: 3). Dit eindig met die mees ernstige vermaning wat ons baie, baie versigtig moet oorweeg: *"Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is"* (Openb. 22: 18-19). Dit spreek van ‘n totale afskeiding vanaf die HERE en die ewige lewe.

Regdeur die tydperk van die kerk-eeue het mense die laaste boek van die Bybel gelees, maar was nie in staat om hierdie dinge te verstaan nie, want die profetiese uitinge bly verborge totdat die tyd aanbreek dat dit vervul moet word. Ongelukkig moet ons sê dat die predikers en andere het dit wat in die Evangelies, die briewe van die apostels en profetiese skrifte vervat is, na hul goeddunke geïnterpreteer, in plaas daarvan om hulle te bepaal by wat deur die Heilige Gees aan die lig gebring word.

Net soos die teoloë by die eerste koms van Christus hulle eie opinies gegee het, in plaas van om net te wag en te kyk na die self-vervulling van bybelse profesieë, so gebeur dit ook vandag. Predikers en kerke is so verskans in hulle weë en leringe dat hulle nie meer voorsiening maak vir geestelike openbaring nie. Verduidelikings en interpretasies van profetiese temas van God se Heilige Woord veroorsaak baie verwarring onder christene. Bybelprofesieë word geskrywe, sodat ons vooruit kan weet wat God van plan is om te doen. Dit laat geen ruimte vir spekulasie nie en moet net erken word soos dit gebeur.

Laat ons ag slaan op die raad wat Petrus ons gee, onder die inspirasie van die Heilige Gees: *"... terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie ..."* (2Petr. 1:20).

## Die Patmos Visioen

Toe Johannes op Patmos was, was Hy opgeneem in die Gees en het die profetiese deel van die plan van verlossing in simbole gesien. Die kerk-eeue was aan hom gewys en dit wat sal gebeur tot aan die einde van tyd. Hy het selfs die nuwe hemel en nuwe aarde gesien.

Hy getuig: *"Ek was in die Gees op die **dag van die HERE** ..."* (Openb. 1:10). Sommige mense dink dat die *Dag van die HERE* is Saterdag, terwyl ander meen dat dit Sondag is. Beide sienings is vleeslike interpretasies. Die 24 uur dag is buite die kwessie, want Johannes was in ballingskap op die eiland van Patmos vir twee jaar.

Die Bybelse beskrywing van die dag van die HERE is duidelik. Dit is 'n tydperk wat begin ná die dag van genade en verlossing. Dit begin met die oordeel oor die nasies wat optrek teen Jerusalem: *"Menigtes, menigtes in die dal van beslissing, want naby is die **dag van die HERE** in die dal van beslissing. Die son en die maan word duister, en die sterre trek hulle glans in. Die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en die aarde bewe. Maar die HERE sal 'n toevlug wees vir sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel"* (Joël 3: 14-16).

Die eerste drie hoofstukke van Openbaring praat oor dinge wat verband hou met die nuwe-testamentiese Gemeente – 'n tydperk wat bekend staan as die *dag van heil* en die *dag van genade*. *"Kyk, nou is die tyd van welbehae; kyk, nou is die dag van heil"* (2Kor 6:2b). Net soos die *dag van heil* begin en ook sal eindig met 'n kragtige demonstrasie van God se krag tot redding, begin en eindig die ***dag van die HERE*** ook met 'n kragtige demonstrasie van God se oorwinningskrags oor Sy vyande.

Die tyd van genade duur tot die Bruid van Christus volmaaktheid bereik en in heerlikheid opgeneem word. God het die wêreld in ses dae geskape en op die sewende dag gerus (Exo. 31:17). Die 6,000 jaar sal binnekort volledig wees, dan begin die sewende dag, die **dag van die HERE** *"Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie ... dat een dag by die HERE soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag"* (2Petr. 3:8).

Sommige mense glo fanaties dat iemand wat aanbidding doen op ‘n Sondag, die merk van die dier het. So 'n noodlottige en vernietigende verklaring draai die Bybel onderstebo; dis net ‘n interpretasie. Hoe kan enigeen dit waag om te sê dat Christus die merk van die dier het omdat Hy met Sy dissipels op die eerste dag van die week (Sondag) vergader het? *"En toe dit aand was op daardie* eerste dag *van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: vrede vir julle ..."* (Joh. 20:19). Hy verskyn weer 'n week later, toe Sy dissipels weer bymekaar was (v. 26). Hoe kan enigiemand sê dat die eerste Christene die merk van die dier gehad het, omdat hulle op Sondag aanbid het? *"En op die* eerste dag *van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek ..."* (Hand. 20:7) Paulus het selfs die insameling vir die gelowiges uitgestel vir die dag na die Sabbat: *"Op elke* eerste dag *van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie"* (1Kor. 16: 1-2).

Die viering van Sabbat is vir die Jode: *"En die kinders van Israel* (nie die nasies nie) *moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond. **Tussen My en die kinders van Israel** is dit vir ewig ‘n teken"* (Exo. 31: 16-17).

Die HERE Jesus Christus en die apostels het altyd vir die Jode op die Sabbat gepreek want dit was die dag wanneer Jode aanbid het. Christene, daarteenoor, eerbiedig die dag van die opstanding, maar is nie beperk tot 'n sekere dag soos die Jode nie. Alle ware dissipels van Jesus Christus het vrede by God en het die ware "sabbatsrus" ingegaan. Hierdie rus is nie net een dag van die week nie, dit is ‘n ewige rus!

Geskiedenis dui aan dat die pouslike stelsel 'n bevel uitgereik het wat verklaar het dat Sondag die enigste dag van aanbidding vir Jode en Christene behoort te wees. Christene het toe alreeds op hierdie dag vergader, vanaf die dae van die apostels. Watter vreeslike gevolge hierdie opdrag egter op die Jode gehad het, kan niemand indink nie! Die Kerk van Rome het hulle daarvan beskuldig dat hulle verant-

woordelik was vir die dood van Christus en het hierdie gesaghebbende edik teen hulle uitgevaardig. Dit het gelei tot hul vervolging, marteling en menigte is selfs vermoor. Die regverdige God van die hemel gaan eendag hierdie wrede dade wreek!

God het Sy manier met die Jode en so ook met die Nasies. God het die Sabbat as 'n teken van Sy verbond aan die Jode gegee en die Gemeente van die Nasies vier die opstanding van die HERE Jesus Christus. God het nooit bedoel dat die Jode die Sondag moet onderhou nie, nog minder was die Nasies aangesê om die Sabbat te hou nie.

Sommige mense glo selfs dat die viering van Sabbat die seël van God is. Dit het geen bybelse grondslag nie. Die Bybel sê baie eenvoudig wat die seël van God is – dit is die seël van die Heilige Gees. Diegene wat na preke van Broer Branham geluister het, verstaan duidelik wat God se seël is en ook wat die merk van die dier is.

Die oes-insameling van die nuwe-testamentiese Gemeente was versinnebeeld deur die beweging van die eerstelingsgerf voor die HERE, in die oggend ná die Sabbat (Lev. 23: 10-11). Pinksterdag, die 50ste dag, val ook op die dag ná Sabbat (Lev. 23: 15-16). Die Sabbat sal ook die dag van aanbidding wees tydens die Vrederyk: *"En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE."* (Jes. 66:23)

Besprekings en argumente oor etery en drinkery of die handhawing van sekere dae is nie opbouend vir enigiemand nie. ***"Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge"*** (Kol. 2: 16-17).

Johannes was in die Gees vir 'n veel groter doel as om net 'n 24-uur dag te vier. Hy het die hele verloop van tyd gesien gepaard met die belangrike dinge wat moet gebeur. Dieselfde Heilige Gees openbaar dit ook nou deur die profetiese bediening.

## "Om aan Sy diensknegte te toon ..."

Die Almagtige God het nooit opgehou om duidelike instruksies aan Sy volk te gee nie, deur Sy boodskappers, dienaars en profete wat Sy spesiale Woord het vir hul tyd. As mense in hul oorvloed die HERE vergeet het en afgedwaal het van Sy weë, dan stuur God 'n boodskap van waarskuwing voordat die oordele tref:

*"En Hy het profete onder hulle gestuur om hulle na die HERE terug te bring; en dié het hulle gewaarsku, maar hulle het nie gehoor gegee nie ... So spreek God: Waarom oortree julle die gebooie van die HERE en wil julle nie voorspoedig wees nie? Omdat julle die HERE verlaat het, het Hy julle verlaat"* (2Kron. 24: 19,20b). God se oordeel is weer op hande. Wat is die boodskap wat nou weerklink, voordat dit tref?

Ek wil graag u aandag vestig op die boek van profesie – Die Open-Openbaring van Jesus Christus. Daarin het die HERE belowe, *"om aan Sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur ..."* (Openb. 1:1). Die profetiese boodskappe daarin was gestuur om die mense reg te help, en terug te bring na God. Die sukses of mislukking van u eie geestelike lewe hang af van hoeveel waarde u daaraan heg. Die Heilige Gees wat in ons is, sorg altyd dat ons "Ja" en "Amen" sê vir die beloofde Woord.

Die woord 'diensknegte' is in die meervoud en verwys hoofsaaklik na die sewe boodskappers in die regterhand van die HERE, wie die profetiese openbaring van die Woord deur die Heilige Gees tydens die sewe kerk-eeue ontvang.

Die feit dat die HERE Sy engel gestuur het na Johannes, toon die belangrikheid van die inhoud van die laaste boek van die Bybel. *"... wat Hy deur die sending van Sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het ..."* (Openb. 1:1b). God het Sy engele in die hemel en op aarde het Hy boodskappers, om dinge wat moet gebeur aan te kondig.

Nie sommer enige lid van die liggaam van Christus kan so 'n dienskneg van God wees nie. Die Woord van die HERE kom aan so een wie se bediening direk gekoppel is aan God se stem, maar almal **moet die stem van Sy Woord hoor**. God neem iemand van Sy eie keuse om te getuig wat hy gesien en gehoor het. Johannes het getuig *"... van die Woord van God en die getuienis van Jesus Christus – alles wat hy gesien het"* (Openb. 1:2). Hy het visioene gesien en het die Woord deur 'n openbaring ontvang, net soos die diensknegte en profete van ouds. Daar is 'n uiterse groot verskil om die kennis van die Woord te het, wat ons geleidelik kan ophoop, en om die openbaring van Jesus Christus te het, wat slegs deur die Heilige Gees ontvang kan word. Eers dan sal die woord vir ons Gees en lewe word.

Daar is 'n groot verskil tussen 'n man wat praat van Christus, en Christus wat praat deur 'n profeet wat "So spreek die HERE" het. Pau-Paulus, die groot apostel, bely: *"... want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus"* (Gal. 1:12).

## ‘n Stem soos van 'n basuin

By ‘n buitengewone geleentheid, wanneer iets besonders moes plaasvind soos ‘n fees of ‘n aankondiging, was 'n basuin geblaas om die mense byeen te roep. Toe die HERE God op die berg Sinai neergedaal het na Sy profeet Moses, wie Sy Woord moes neem na die kinders van Israel, het *"... die hele berg Sinaï ... gerook, omdat die HERE in ‘n vuur daarop neergedaal het. En sy rook het opgetrek soos die rook van 'n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe. Toe die geluid van die basuin sterker en sterker word, het Moses gespreek, en God het hom telkens hardop geantwoord"* (Exo. 19: 18-19).

In die dae van Josua het die basuin weerklink toe die sewe priesters sewe ramshorings geneem het en begin loop het voor die ark van die verbond, waarin die Woord van die HERE gehou was (Jos. 6).

God se basuin weerklink wanneer Hy wil praat. Dit waarsku Sy volk om gereed te maak om Sy stem te hoor en om deur Sy Woord die oorwinning te verkry. Die geklank van die basuin was weer gehoor in ons geslag en word ook in Israel gehoor tydens hul byeenroeping.

Die Skrif vertel ons dat die verborgenheid van God volbring sal wees wanneer die sewende engel se stem gebasuin sal word, soos Hy aan Sy diensknegte, die profete, verkondig het (Openb. 10:7). Ons het reeds getoon dat ‘n engel 'n boodskapper is, met ‘n boodskap van God. Onder die basuin-geklank van die sewende engel, word die verborgenheid van God volbring, soos dit aan Sy diensknegte, die profete, verklaar was.

Hou in gedagte dat die woord ‘profeet’ het 'n dubbele betekenis. In die nuwe-testamentiese Gemeente is apostels, profete, leraars, ens. Maar elke keer wanneer iets besonders moes plaasvind op aarde, het God ‘n buitengewone profeet gestuur om dit aan te kondig.

In die gemeente in Antiochië was daar verskeie profete en leraars (Hand. 13:1). *"En in dié dae het daar profete van Jerusalem na Antiochië gekom. En een van hulle met die naam van Agabus het opgestaan en deur die Heilige Gees te kenne gegee dat daar 'n groot hongersnood oor die hele wêreld sou kom, wat ook gekom het onder keiser Claudius"* (Hand 11: 27-28). So 'n profeet kan gebeure van persoonlike belang of omstandighede voorspel. Agabus het ook geprofeteer en voorspel wat sou gebeur met Paulus (Hand. 21: 10-11). Volgens 1Korinthiërs 14:29, moet twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel.

‘n Buitengewone profeet, ‘n siener, verskyn, as 'n mondstuk van die Almagtige God wat die Woord, met betrekking tot die profetiese deel van die plan van verlossing, uitwys deur ‘n Goddelike openbaring. Wanneer so 'n profeet verskyn, moet hy na geluister word en nie geoordeel word nie. In hul tyd was daar net een Henog, een Abraham, een Moses, een Noag, een Elia, een Johannes die Doper en een Paulus. Niemand kon oordeel oor hulle nie want hulle het *"So spreek die HERE!"* gehad.

In die eerste kerk-eeu was daar apostels, profete, leraars, ens, maar dit was aan Paulus, die profeet-boodskapper, gegee om dinge aan die Gemeente uit te lê. In 1Korinthiërs 14:37 sê hy: *"As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die HERE is".* Wie werklik deur God geroep is in een van die vyf bedieninge van Efésiërs 4:11, aanvaar die ware Woord van die HERE wat deur ‘n boodskapper van God gestuur is.

In elk van die sewe kerk-eeue was daar sonder twyfel manne van aansien, wie in die oë van die mense belangrik was; sonder twyfel was hulle deur God gebruik in verskeie bedieninge. Maar in elke periode was daar ook God se keuse om die boodskap van daardie uur te bring. In hierdie geslag was daar baie bekende en ervare evangeliste, maar wie is die boodskapper in ons tyd, na wie die Woord van die HERE gekom het?

## Seun van die mens

Jesus Christus is die **Seun van God**, die **Seun van die mens** en **Seun van Dawid**. Elke titel beskryf Hom in een van Sy onderskeie hoedanighede en kan nie uitgeruil word nie. Hy word voorgestel as die Seun van die mens in verband met die Woord van profesie. Daarom *word Hy nie na verwys as die Seun van God of Seun van Dawid, maar die* ***Seun van die mens*** wanneer Hy tussen die sewe goue kandelaars gesien word (Openb. 1:13).

Omdat bybelprofesie vervul was tydens Sy eerste koms het die skrywers van die vier Evangelies van Hom byna uitsluitlik gepraat as die **Seun van die mens**. Selfs Jesus het na Homself tydens Sy aardse bediening verwys as die **Seun van die mens**. Hy was die vervulling van Deuteronomium 18, waarna Petrus later verwys het: *"Want Moses het tot die vaders gespreek: die HERE julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens*

*alles wat Hy met julle sal spreek. En elke siel wat nie na dié profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word"* (Hand. 3: 22-23).

Moses en Elia van die Ou Testament en Petrus, Jakobus en Johannes in die Nuwe Testament was bevoorreg om die HERE Jesus Christus in Sy gedaanteverandering te sien: *"Sy aangesig het geblink soos die son, en Sy klere het wit geword soos die lig ... terwyl Hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom! En toe die dissipels dit hoor, het hulle op hul aangesig geval en was baie bevrees"* (Matt. 17).

Johannes gee sy reaksie toe hy Hom gesien het, *"En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste"* (Open. 1:17).

As ons Hom as die **Seun van God**, **ons Verlosser**, aanvaar het, moet ons dan nie val voor Sy voete en hom aanskou soos Hy Sy Woord in die gesag van die **Seun van die mens – die God-profeet**, spreek nie?

In Openbaring 2 en 3 adresseer Jesus Christus Sy engel-boodskappers aan die sewe kerk-eeue. Aan die einde van elke boodskap lees ons: *"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê". "En elke siel wat nie na dié profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word"* (Hand. 3:23). God bedoel elke woord wat Hy sê. Ons ewige bestemming is in gedrang. As die siel lewe ontvang het, is dit steeds in gevaar om verlore te gaan as ons versuim om die geestelike voedsel van God se geopenbaarde Woord te ontvang. *"Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie ..."* (Openb. 3:5). Kom ons besef die erns van so 'n verklaring! Dit is nie die woorde van 'n prediker of 'n ander persoon nie: Jesus Christus self, die **Seun van die mens**, die **God-profeet** uiter Sy Woord, wat Gees en lewe is. Elke siel wat nie luister na die woorde van dié Profeet nie, is in groot gevaar.

Elke keer wanneer 'n ster-boodskapper op die toneel verskyn (Openb. 1:20), het hulle nie hul eie saak bevorder nie. Hulle het nie namens hulself gepraat nie, nee, hulle was sterre in die regterhand van Jesus Christus wat net Sy lig gehou het. Hulle was ware spreekbuise van die Almagtige God.

Die woorde *"... luister na Hom!"* (Mark. 9:7) is meer betekenisvol as wat ons dink. Te midde van al die verskillende godsdienstige stemme wat vandag in die wêreld is, eggo die ware stem van God. Die dae het aangebreek, waarin ons die stem moet hoor wat klink soos 'n basuin.

As ons God se ware saad is, moet ons die oorspronklike gesproke Woord aanvaar.

Petrus, wat teenwoordig was op die Berg van Verheerliking, was geïnspireer deur die Heilige Gees met die goddelike verklaring: *"... na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek"* (Hand. 3:22).

Daar is net een **'Seun van die mens'**, net een **'Die Profeet'**. Sy boodskappers word diensknegte en profete genoem. Hy is **'Die Hoëpriester'**, **'Die Koning'** – ons is konings en priesters. Hy is '**Die Seun van God**' – ons is God se seuns en dogters. Die feit dat Jesus Christus profeties aangetoon word as '**Die Seun van die mens**' dui aan dat Sy profetiese bediening voortgaan regdeur die hele Nuwe Testament.

Die briewe van die apostels, wat begin met Romeine en eindig met Juda, beskryf Hom as die **Seun van God**. Daarin word die benaming '**Seun van die mens**' en '**Seun van Dawid**' nie een maal gebruik nie. Dit is geen toeval nie – dit is omdat hulle niks te doen het met profesie nie. Hul hoofdoel was die bevestiging van die nuwe-testamentiese Gemeente met al die leerstellinge en ordinansies, en bied Jesus Christus aan as die '**Seun van God**' wat Sy reddende en helende krag openbaar sedert die dag van Pinkster.

Vir die Jode is Jesus Christus die **Seun van Dawid**. Toe Hy Jerusalem ingegaan het op Palm-sondag, het die skare hardop gesing: *"Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die HERE! Hosanna in die hoogste hemele!"* (Matt. 21: 9, 15). As die **Seun van Dawid** sal Hy sit op Sy troon as Koning wat heers oor die nasies tydens die Vrederyk. Die **Seun van God** is die Verlosser, die **Seun van die mens** is die Profeet, die **Seun van Dawid** is die Koning. Hierdie drie titels moet nie verwar word nie. Elke aanwysing: **Seun van God**, **Seun van die mens** en **Seun van Dawid,** is hoedanighede wat elk 'n spesifieke eienskap manifesteer. Nie 'n enkele Skrif moet misplaas word nie en nie een titel moet omgeruil word nie, selfs al word oor dieselfde persoon gepraat. Elke benaming of titel soos aan Hom toegeskryf, het 'n spesifieke verband waarin dit gebruik word, wanneer dit gebruik word – dit moet in hul behoorlike kontekste gehou word.

Daar word baie gepraat oor Jesus Christus, die **Seun van God**, maar min mense stel belang in die dieper profetiese Woord – om Jesus Christus te erken as die **Seun van die mens**. Ons leef nou in 'n profe-

profetiese tydperk waarin Christus Homself openbaar as die **Seun van die mens**, deur die Woord van belofte vir ons tyd. Aan die einde van die genadetyd gaan die **openbaring van die Seun van die mens**, die **teken van die Seun van die mens** en dan uiteindelik ook die **koms van die Seun van die mens** geskied.

In Matthéüs 24 het Jesus gepraat van dinge wat moet gebeur voor Sy koms. Baie dinge is al gesê oor die tekens van die eindtyd – van oorloë en gerugte van oorloë, aardbewings, die terugkeer van die Jode, ens.. Die Bybel sê vir ons in Matthéüs 24:3 dat die dissipels van Jesus drie afsonderlike vrae gevra het: *"Vertel ons, **wanneer** sal hierdie dinge wees, en **wat** is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld"*. Die HERE het net voor dit aan hulle gesê, dat nie een klip van die tempel op die ander gelaat sal word nie. Die eerste vraag was kort daarna vervul, toe Titus Jerusalem binne geval en oorgeneem het. Die stad was vernietig, die tempel verwoes en die Jode uitmekaar gedryf.

Ons belang lê veral by die tweede vraag: *"... wat is die teken van u koms?"*. Hulle het nie gevra oor die baie tekens waarvan Hy gepraat het, wat Sy wederkoms vooruit moet gaan nie. Hul vraag was in die enkelvoud: *"... wat is die teken van u koms"*

Let wel! Dit sê ***"teken van Sy koms",*** dws, dit hou verband met Sy wederkoms. 'n Teken word aan ons gegee as 'n riglyn en vir leiding. As ons gereed wil wees vir Sy wederkoms, moet ons aandag skenk aan die teken (aanwyser) van Sy koms. Die Jode sal die teken van die **Seun van die mens** sien (Matt. 24:30) voordat Hy neerdaal op die Olyfberg (Sag. 14).

God se Woord sê dat Hy opgeneem was in 'n wolk (Hand. 1:9) en sal op dieselfde manier terugkeer (vers 11). Die bonatuurlike wolk herinner ons van die Almagtige God se besoeke by verskeie geleenthede in die Ou Testament, asook van die Berg van Verheerliking gebeurtenis.

Wat is die beduidenis van die veskyning van die HERE aan Broer Branham in 'n wolk op 28 Februarie 1963, voor die opening van die verborgenhede van die sewe seëls? Kan dit wees dat dit 'n teken was van Sy koms, om Sy eie te waarsku? Dit is nou die tyd dat ons uitgeroep word in die tyd van voorbereiding – die koms van die HERE is op hande. Enigiemand wat beweer dat Christus reeds gekom het, of dat Hy anders sal terugkeer as wat beskryf word in die Skrif, is blind vir die waarheid en in ‘n misleiding.

'n Teken is 'n aanduiding wat uitdrukking gee of inligting oordra jeens 'n sekere aangeleentheid. 'n Skriftelike stem volg altyd 'n skriftelike teken. Diegene wat die teken erken, hoor dan die stem.

Nadat die teken van die Seun van die mens in 'n bonatuurlike wolk verskyn het, was die stem van die HERE gehoor. Die seëls was geopen, en hul verborgenhede geopenbaar. Deur die profetiese bediening het die Bruid van Christus ook haar laaste teken gesien op aarde, voordat sy die Heerlikheid ingeneem word. Die feite kan nie ontken word nie. Die aandag van die uitverkorenes in hierdie geslag, word gevestig op wat die HERE gedoen het.

In Lukas 17 sê Jesus oor die dae van Noag en Lot: *"net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word"* (v.30). Beide kere was die Woord van die HERE deur 'n profeet aangekondig. Voor die sondvloed gekom het was Noag op hoogte van wat gaan gebeur. Voordat die stede van Sodom en Gomorra verwoes was, het die HERE met Abraham gepraat. Beide van hierdie manne was belangrike profete. Abraham het bevestiging van die belofte van die geboorte van Isak ontvang. Die HERE het ook die geheim in die hart van Sarah openbaar gemaak.

Dieselfde onderskeidings-bediening was herhaal toe die HERE die geheime in die harte van Natánael, Petrus, die vrou by die put, en andere, vertel het. Selfs in hierdie geslag het ons dieselfde bediening waargeneem. Almal wat vertroud is met die profetiese bediening van Broer Branham, weet dat 'n heilige atmosfeer altyd teenwoordig was wanneer die gawe van onderskeiding in werking was. Regoor die wêreld was mense se siektes en probleme, besonderhede van hul heenkome, ens, aan hulle bekend gemaak. 'n Heilige stilswye het altyd oor die gehoor gekom want die HERE was waarlik teenwoordig.

Lukas 17:30 vertel van die dag waarop die **Seun van die mens** geopenbaar word. Verse 34-36 beskryf die eintlike wegneming van diegene wat gereed is om Hom te ontmoet: *"Ek sê vir julle: In daardie nag sal daar twee op een bed wees; een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word".* Dié Skrif verwys ongetwyfeld na die wegraping. Verstaan dit tog! Die wegneming van die Bruid kan nie plaasvind voor die **teken** en openbaring van die Seun van die mens gebeur nie.

In Lukas 18, vra Jesus Christus: *"... as die Seun van die mens kom* (nie die Seun van God of Seun van Dawid nie)*, sal hy wel die geloof op die aarde vind?"* (v.8) As 'n mens nie die **teken van Sy koms** ken nie, of

luister na die **stem van die Seun van die mens** deur die profetiese woord nie, hoe kan hy gereed wees by die tyd van Sy koms? Die Ge-Gemeente van die lewende God moet alle mensgemaakte tradisies laat vaar en die vervulling van bybelse profesieë waarneem en Jesus Christus, die **Seun van die mens** in Sy Gemeente sien wandel tussen die sewe goue kandelaars, met die sewe sterre in Sy regterhand. Elke Christen aanvaar die HERE Jesus Christus as die Seun van God, maar slegs die uitverkorenes volg Hom in Sy profetiese bediening as die **Seun van die mens**. Niemand anders kan Hom verstaan nie. Soos met Sy eerste koms, is dit nou nog: *"Hy het na Sy eiendom gekom, en Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie"* (Joh. 1:11) Aan die einde van die boodskap aan die Laodicea Gemeente sê dit: *"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou en hy met My"* (Openb. 3:20).

Die vereiste is dat ons Hom moet hoor klop – die deur dan oopmaak en Hom verwelkom. Eers dan sal Hy inkom en saam met ons maaltyd hou. Hy breek nog steeds die brood van die lewe vandag, en wanneer Hy praat, dan is ons harte brandend. Hierdie boodskap is gerig aan die gelowiges, nie sondaars nie. Hy staan buite die kerke sodat iemand kan oopmaak en Hom inlaat.

Godsdienstige aktiwiteite is natuurlik nog in volle gang. Daar word baie gepraat daaroor; liedjies en preke vereer Hom, maar in werklikheid staan Hy buite, verwerp en misverstaan deur die meeste mense, omdat Hy verskyn as die **Seun van die mens – die Profeet**, wat Sy beloofde Woord tot vervulling bring. Ons was vertel: *"Luister na Hom!"* (Matt. 17:5), *"Hoor, o hemele, en luister, o aarde, want die HERE spreek"* (Jes. 1:2). *"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê"* (Openb. 2-3).

Diegene wat die HERE van die heerlikheid gekruisig het was die mees godsdienstige mense op aarde – die beloftes en die verbond het aan hulle behoort. Daardeur het hulle gedink dat hulle baie naby aan God en Sy Woord was.

Jesus Christus word nou opnuut gekruisig en openlik tot skande gemaak deur diegene wat hulself voorhou dat hulle in Hom en in die verbondsbelofte glo, maar Hom misverstaan in Sy bediening as **Seun van die mens**. Sy troos is: *"My skape luister na My stem ..."* (Joh. 10:27).

Israel was uit Egipte gelei volgens die belofte van God. Maar omdat hulle ongehoorsaam was aan God se stem en dit nie ter harte geneem het nie, was hulle nie toegelaat om die belofte-land in te gaan nie.

*"Uit die hemel het Hy jou sy stem laat hoor om jou te onderrig; en op die aarde het Hy jou sy groot vuur laat sien, en jy het sy woorde uit die vuur gehoor ... daarom moet jy vandag weet en ter harte neem dat die HERE God is, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie"* (Deut. 4: 36+39)

Die woorde van waarskuwing waarmee ons aangespreek word in Hebreërs 12:25, lui: *"Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; Want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek".* Hier praat dit nie van die weiering van die Een wat ons genees of red nie, maar 'n verwerping van **Hom wat spreek – die Profeet, die Seun van die mens**. Dit is 'n baie ernstige saak wanneer die HERE God praat en ons nie Sy stem hoor nie.

*"Vandag as julle Sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering nie"* (Hebr. 3:15). Ons moet vandag **Sy stem** hoor - in dié dag waarin ons vandag lewe. Dit is ons "vandag".

## Die verborgenheid van Christus en Sy Gemeente

Jesus Christus het Homself geoffer aan die kruis van Golgota as die eens-en-vir-altyd volmaakte offer vir die sondes van die gevalle mensdom. Die grootste oorwinning van alle tye was Syne, soos Hy die gevangenes gevange geneem en die boeie van die gevangenis gebreek het, vir diegene wat verlos is. Hy het opgevaar die hoogte in en terug gekom in die vorm van die Heilige Gees om Homself voortdurend deur die eeue te manifesteer in Sy eie, totdat Hy kom vir Sy vlekkelose Bruid, wie beklee sal wees in Sy geregtigheid.

Wat 'n wonderlike beeld van Christus en Sy Gemeente word uitgebeeld in profesie in die boek Openbaring. Johannes het hom gesien tussen die sewe goue kandelaars as die **Seun van die mens**.

*"Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars,*

*En tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.*

*Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam;*

*En sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters.*

*En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie;*

*Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood. Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is sowel as die wat gaan gebeur;*

*Die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes"* (Openb. 1: 12-20).

In hierdie profetiese blik word die HERE Jesus Christus getoon in Sy verheerlikte vorm, soos Hy wandel en praat in die midde van Sy Gemeente. Die goue gordel op Sy bors toon Hom as Regter, *"want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God ..."* (1Petr. 4:17)

Johannes het Hom nie gesien as die Seun van God wat verlorenes red en die siekes genees nie. Hy het Hom nie gesien die verskillende bedieninge in Sy Gemeente plaas nie. Hy het nie gepraat oor die geestelike gawes, die twaalf apostels of die sewentig dissipels nie – hy het die HERE Jesus Christus gesien as die **Seun van die mens** met die sewe sterre in Sy hand. Sy Woord ***"... is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart"*** (Hebr. 4:12). *"Die wat uit God is, luister na die woorde van God ..."* (Joh. 8:47). *"Wie My verwerp en My woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag"* (Joh. 12:48).

Die HERE Jesus Christus stel Homself voor aan die sewe gemeentes as die alom-genoegsame Een: *"Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die HERE, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige."* (Openb. 1:8).

Dit is Sy finale openbaring aan Sy Gemeente. Hy was beskryf in Sy vele vorme en eienskappe wat verband hou met die plan van verlossing. Hier word Hy geopenbaar in Sy volle Godheid.

Die goue kandelaar – die Gemeente – was reeds al genoem in die Ou Testament. Die profeet Sagaria het die sewe-lamp kandelaar gesien en getuig: *"En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is"* (Sag. 4:2). Die olie vanaf die oliekan was deur die sewe pype gevoer en het die sewe lampe gevul. Dieselfde God, dieselfde Heilige Gees, het in elk van die sewe kerk-eeue neergedaal om die ware openbaring aan die lewende Gemeente te gee.

Terwyl die profeet Moses op die berg was, het die Almagtige God vir hom die patroon gewys en hom gedetailleerde instruksies gegee oor hoe die tabernakel gebou moes word (Hebr. 8:5). Dit moes opgerig word as die God van Israel se woonplek, in die heroprigting van Sy gemeenskap met Sy volk – om hul aanbidding en offers op die altaar te ontvang.

Die tabernakel was in twee dele verdeel: die Heilige, met die sewe-lamp goue kandelaar en die tafel met die toonbrood en dan die Allerheiligste (Heb. 9: 2-3). Moses was die opdrag gegee: *"Maak ook 'n kandelaar van suiwer goud. Van dryfwerk moet die kandelaar, sy voetstuk en sy stam gemaak word; sy kelkies, sy knoppe en sy blomme moet, daarmee saam, uit een stuk wees."* (Exo. 25:31) Dit spreek van die uitbotting van die Gemeente. Die hele kandelaar was gemaak van een en dieselfde stuk goud. Niks was bygevoeg en niks was weggeneem nie. Wat 'n wonderlike uitbeelding van die Bruid van die HERE Jesus Christus! Sy is een met Hom, gemaak van dieselfde materiaal, gewas in sy bloed, wedergebore en verseël deur Sy Gees.

Die sewe-lamp goue kandelaar het nie kerse gehou, soos ons dit vandag ken nie, maar die lampe was deur die priesters gevul met olie, aangesteek en daagliks skoongemaak; dit moes voortdurend brand (Exo. 27: 20-21). Dit het die heiligdom verlig aan diegene wat deelgeneem het aan die tafel van die HERE. Die lampe was nie eintlik die lig nie, hulle het net die lig gemanifesteer – deurgelaat – wat vanaf die oliekan kom. Die sewe lampe op die goue kandelaar verteenwoordig die Gemeente van die HERE Jesus Christus in profesie in die sewe spesifieke kerk-eeue.

Oorkant die goue kandelaar was die tafel met die toonbrood, waarop die ongesuurde brode geplaas was (Lev. 24: 5-6) – 'n profetiese prentjie van Christus, die Brood van die Lewe vir elke gelowige. Hierdie brood was deur die priesters geëet; ons, as die koninklike priesterdom van die Nuwe Testament, moet deel hê aan die HERE Jesus Christus, die lewende Woord, want Hy het gesê: *"Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie"* (Joh. 6:35).

Die reukwerk was op die reukaltaar voor die voorhangsel gebrand, elke môre en elke aand, wanneer die lampe skoongemaak en aangesteek was. Een keer 'n jaar, moes die hoëpriester daarop versoening doen met die bloed van die soenoffer (Exo. 30: 6-10).

U mag vra: Wat het dit alles met ons te doen? Ons moet *"... wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur"* (Efé. 5:2). Die nuwetestamentiese gelowiges bring hul gebede voor God, die Almagtige, as 'n lieflike geur: *"Laat my gebed soos reukwerk voor u aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer"* (Ps. 141:2). *"want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God ..."* (2Kor. 2:15)

In Openbaring 8: 3-4 lees ons van die reukaltaar: *"En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God"* – nie die gebede van diegene wat sê hulle glo nie, maar die gebede van *die heiliges*, diegene wat geheilig is deur die Woord en Gees van die waarheid. *"En toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is ..."*(Openb. 5:8). Al die gebede van diegene wat die beloofde Woord van die verbond erken, styg op na die troon van die Almagtige as 'n aangename geur van die wierook. Die gebede van diegene wat werklik die boodskap van die ster-boodskapper – die aardse engel van die kerkeeu – glo, word deur die hemelse engel na God se troon geneem. Die geopenbaarde Woord vir elke kerk-eeu gaan uit vanaf die troon van God en die gebede van die heiliges wat die Woord ontvang, keer terug daarna. *"... So sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur"* (Jes. 55:11).

*"En nadat hierdie dinge so ingerig was, het die priesters wel gedurig in die eerste tabernakel ingegaan om die dienste te vervul ..."* (Heb. 9:6). Maar om die diens van die HERE te verrig, moes hulle vooraf toegewy en geheilig word: *"So moet jy hulle dan heilig sodat hulle hoogheilig kan wees; elkeen wat aan hulle raak, word heilig"* (Exo. 30:29).

Die priesters moes, wanneer hulle die tent van samekoms betree, *"hul hande en hulle voete was, sodat hulle nie sterwe nie ..."* (Exo. 30:21). Daarna was hulle geklee in die spesiaal klere wat vir hulle gemaak was volgens die presiese instruksies van die HERE. Dan was hulle gesalf.

Wat 'n wonderlike beeld van die Bruid van die HERE Jesus Christus! Sy is verlos deur Sy Heilige bloed, Hy reinig haar met die waterbad, deur die Woord, *"sodat Hy die Gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar sodat dit heilig en sonder gebrek sou wees"* (Efé. 5: 26-27). Sy Gemeente kan sê: *"Ek is baie bly in die HERE, my siel juig in my God; want Hy het my beklee in die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel – soos 'n bruidegom, wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos 'n bruid wat haar versier met haar juwele"* (Jes. 61:10). Sy is gesalf en verseël deur die Heilige Gees (2Kor. 1:22). Die Gemeente van Jesus Christus is *"'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk"* (1Petr. 2:9). *"Aan Hom wat ons liefgehad het en ons gewas het van ons sondes in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen"* (Openb. 1: 5b-6).

Die Allerheiligste was geskei van die Heilige met ‘n voorhangsel. *"En agter die tweede voorhangsel die tabernakel wat genoem word die Allerheiligste, waarin ‘n goue wierookbak was en die ark van die verbond, rondom heeltemal met goud oortrek, waarin die goue kruik met die manna was, die staf van Aäron wat gebloei het, en die tafels van die verbond; en daar bo-op die gérubs van die heerlikheid wat die versoendeksel oorskadu het ..."* (Hebr. 9: 3-5).

Toe Jesus Christus, die volmaakte offerlam, op Golgota sterf, het Sy bloed versoening gebring vir ons sondes. Die voorhangsel het nie in twee geskeur toe die hoëpriester die dierlike offerhandes gemaak het nie, maar toe die Seun van God Sy lewe vir die sondes van die mense gegee het, het die voorhangsel van die tempel in twee geskeur (Matt. 27:51), en die weg gebaan na die troon van genade, die Allerheiligste.

Die wet was volbring en genade het in werking getree. Die blote feit dat die voorhangsel – wat die Gemeente van die heilige teenwoor-

digheid van die Almagtige geskei het – van bo na onder geskeur het, wys dat God self die voorhangsel geskeur het.

In die Ou Testament kon die aanbidder nie verby die voorhangsel gaan en leef nie. Maar nou, as ons nie die Hoë Priester en magtige Koning volg nie, wat die kragte van die vyand oorwin het en Sy eie bloed op die versoendeksel in die Allerheiligste gelaat het, bly ons dood in ons sonde en oortredinge. Christus is ons hoëpriester – nie volgens die orde van Aäron nie, maar volgens die orde van Melgisédek, Koning van Salem, Koning van Vrede, die HERE van die heerlikheid (Hebr. 7). Hy is die Hoëpriester wat met ons swakhede medelye kan hê (Hebr. 4:15).

Die Allerheiligste was eweredig in lengte, breedte en hoogte – dit praat van volmaaktheid. Hierdie beskrywing is identies aan die beskrywing van die Nuwe Jerusalem – die toekomstige tuiste van die Bruid van Christus. *"Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal ... En die stad het vierkantig gelê, sy lengte was net so groot as sy breedte"* (Openb. 21: 9b-16). Watter pragtige wonings het die Bruidegom berei vir Sy Bruid! As sy die Allerheiligste op aarde ingegaan het, sal sy saam met Hom vir ewig in die Nuwe Jerusalem bly.

Die ark van die verbond en die versoendeksel was in die Allerheiligste. Die twee gérubs se gesigte was gedraai na die versoendeksel. Hulle is gemaak van dieselfde stuk goud as die versoendeksel (Exo. 37: 1-9). Die Woord was gestoor in die verbondsark. Die HERE het afgekyk na Sy Woord, wat voortdurend voor hom is, soos Hy waak oor die uitvoering daarvan (Jer. 1:12). God het in die Ou Testament 'n verbond gesluit, en ook in die Nuwe: *"... dit is my bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes."* (Matt. 26:28)

Die Verbondsark bevat die goue kruik met manna, wat beteken dat waar die Woord is, is daar geestelike voedsel. Oorwinnaars van elke kerk-eeu het gevoed op die verborge manna, die geopenbaarde Woord. Die manna, wat die Israeliete elke dag ontvang het, was die volgende dag bederf, maar die manna in God se teenwoordigheid in die ark van die verbond, het nooit bederf nie. Ons moet nooit die oorblyfsels van een kerk-eeu na die volgende oordra nie. Daar is die beloofde Woord vir elke kerk-eeu en vars manna vir diegene wat die heilige priesterdom van Christus is in elk van die kerk-eeue.

Aäron se staf wat geblom het, was ook in die ark van die verbond. God het self Aäron en sy seuns aangestel as priesters en bonatuurlik getuig – die droë stok het oornag geblom en vrug gedra. Die Gemeente van die Lewende God is saamgestel uit 'n bottende priesterdom wat vrugte dra van die Heilige Gees. Die HERE het die droë doodsbeendere geneem en 'n lewende liggaam daaruit gemaak met *Sy* eienskappe.

Wanneer die verbondsark in die Ou Testament gedra was, was die mense ryklik geseën *"So het Dawid en die hele huis van Israel dan die ark van die HERE met gejuig en basuingeklank gehaal"* (2Sam. 6:15).

In die Nuwe Testament sien Johannes die ark van die verbond *"en die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien. En daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael"* (Openb. 11:19). Groot is die vreugde in die kamp van die verlostes, want die Verbondswoord van die Almagtige God het in hierdie laaste dae, na Sy eie teruggekeer.

Nadat alles gedoen was volgens die Woord, het die wolkkolom afgekom op die tent van samekoms, en die heerlikheid van die HERE het die tabernakel gevul en die kinders van Israel gelei na die belofte land. Op dieselfde manier verkeer Hy nou met Sy Bruid – diegene wat inval by Sy Woord – totdat hulle die pêrel-poorte binnegaan.

Die sewe-lamp goue kandelaar verteenwoordig die Gemeente van die lewende God in profesie – die woonplek van die Allerhoogste. Die sewe lampe praat van die verligting van God se beloofde Woord in die sewe onderskeie eras van die Nuwe Testament Gemeente. Die tafel met die toonbrood is Christus in profesie, die Brood van die Lewe.

Die reukaltaar toon in profesie dat die oorwinnaars, wie die geopenbaarde Woord vir hul tyd ontvang, hul gebede voor die troon van God bring, wat uitgegiet word as 'n lieflike geur in Sy heilige teenwoordigheid. Die gelowiges van al die kerk-eeue het *"... oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hul lewe nie liefgehad nie"* (Openb. 12:11).

Die eerste kerk-eeu, gesimboliseer deur die eerste lamp, was op die dag van Pinkster deur God self verlig, met die vuur van die altaar. Elke kerk-eeu se lamp was daarna aangesteek uit die vorige kerk-eeu en die beloofde Woord verlig deur dieselfde vlam. In elke kerk-eeu was daar diegene wat die lig aanvaar het, maar ook diegene wat dit verwerp het.

'n God-gestuurde boodskap, lei altyd terug na die Woord en die Heilige Gees lei tot bekering. Wie nie bekeer en die Woord volg nie, se

kandelaar sal uit sy plek verwyder word, en sal in geestelike duisternis wees (Openb. 2:5). Die lig aan die Gemeente is slegs gewaarborg solank as die lamp aan die brand is. Diegene wat teen die lig gaan, word daardeur verblind, *"... maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde"* (1Joh. 1:7). Maar, *"... as ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie"* (v. 6). Om Christus te volg beteken om Hom te volg in alle openbaringe wat Hy gee. Hy sê: *"Ek is die lig van die wêreld: wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê"* (Joh. 8:12).

Van diegene wat die vervulling van die profesieë met die eerste koms van Christus gesien het, word gesê: *"Die volk wat in duisternis sit, het 'n groot lig gesien, en die wat sit in die land en skaduwee van die dood, vir hulle het 'n lig opgegaan"* (Matt. 4:16). Die apostel Paulus was beweeg om aan ons, wat hier in die tyd van die wederkoms van Christus leef, te skryf: *"Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie"* (1Thess. 5:4).

In die dae van Moses, was die hele Egipte oorval met duisternis, maar die Israeliete het lig in hul woonplekke gehad (Exo. 10:23). Hulle het Moses aanvaar as 'n God-gestuurde profeet, die beloofde Woord vir hul tyd ontvang en dus deel gehad aan dit wat die HERE in hul tyd gedoen het. So word dit nou herhaal. Duisternis oordek die aarde en donkerte die mense, maar die lig van die beloofde Woord vir die uur skyn waar die heiliges is.

*"En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde"* (Openb. 5: 6).

Hier sien ons die Lam met die sewe Geeste, die sewe oë, wat praat van die sewe engel-boodskappers, wat deur middel van goddelike openbaring die beloofde Woord sien vir hul tyd. In die liggaam, wat bestaan uit baie lede, is die oog 'n profetiese bediening. *"Want die HERE het oor julle uitgegiet 'n gees van diepe slaap, en Hy het julle oë – die profete – toegesluit en julle hoofde – die sieners – toegebind. So het dan die gesig van al hierdie dinge vir julle geword soos die woorde van 'n verseelde boek wat hulle gee aan iemand wat kan lees, met die woorde: Lees dit tog! Maar hy sê: Ek kan nie, want dit is verseël"* (Jes. 29: 10-11).

Dit is baie duidelike spraak. As die oog in die liggaam van Christus nie kan sien nie, is almal in donkerte gehul. Maar God sy dank, wat ‘n ope visioen gestuur het – Sy geopenbaarde Woord.

Baie het probeer om die laaste boek van die Bybel te lees, maar hulle was nie in staat om die inhoud daarvan te verstaan nie, want dit is verseël. Nou, deur die Voorsienigheid, is al hierdie verborge dinge geopenbaar. Dit het die HERE behaag om dit wat verborge was deur die eeue heen, deur die bediening van 'n God-gestuurde profeet in hierdie laaste kerk-eeu, bekend te maak. Dit is verberg vir die oë van die wyse en verstandige mense, maar geopenbaar aan kindertjies wat bereid is om onderrig te word.

Om 'n geheelbeeld van Christus en Sy Gemeente in profesie te kry, moet ons die Skrif sien in sy deurlopendheid, soos een onderwerp in die ander invleg, totdat die hele verlossingsplan voor ons ontbloot is.

Die priesters van die Ou Testament het die ordinansies erken en was gehoorsaam daaraan. Hulle het geweet dat die pad na verlossing van hul sondes, is deur die versoening. Deur hul gehoorsaamheid het hulle hul lojaliteit aan God gedemonstreer.

Die koninklike priesterdom van die Nuwe Testament toon ook sy lojaliteit en gehoorsaamheid aan God deur die nakoming van die ordinansies van die Nuwe Testament. Ons is verlos deur die bloed van die Lam. Ons sondes is vergewe. In die Ou Testament het God se uitverkore volk die Pasga gerespekteer, in die Nuwe Testament neem ons deel aan die nagmaal, waardeur ons die dood van Christus herdenk, tot Sy wederkoms.

In die Ou Testament was hulle in Moses gedoop in die wolk en in die see (1Kor. 10:2). In die Nuwe Testament word die gelowiges gedoop in water in die Naam van die HERE Jesus Christus, nadat hulle tot bekering gekom het van hulle sondes en, volgens die belofte, ontvang hulle die doping van die Heilige Gees (Hand. 2: 38-39).

In die Ou Testament moes die priesters hulle hande en voete was voordat hulle die heiligdom ingegaan het. In die Nuwe Testament was Jesus Christus die voete van Sy dissipels en sê: ***"As Ek dan, die HERE en die Meester julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het vir julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen"*** (Joh. 13: 5-17).

Soos die priesters in spesiale klere gekleed was, so is die Bruid van Christus geklee in 'n bruilofskleed. *"En aan haar is gegee om bekleed te*

*wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges"* (Openb. 19: 8). Ons het geen geregtigheid van ons eie nie. Hy het ons gewas, geklee en gesalf. Ons is verseël deur Sy Gees: *"... in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte"* (Efé. 1:13).

Die Heilige Gees van die belofte gaan altyd gepaard met die Woord van die belofte en verseël diegene wat dit glo, in die liggaam van Christus. Daar is 'n groot verskil tussen iemand wat gesalf is, en iemand wat verseël is. Baie is gesalf deur die Gees, waardeur hulle groot dinge doen, maar die HERE sê aan hulle: *"Ek het julle nooit geken nie"* (Matt. 7:23), omdat hulle die Woord van die waarheid – die Woord van die belofte – nooit ontvang het nie en dus nie deur die Gees van die waarheid verseël kon word nie. Hulle ontvang die seëninge, maar hulle weier die Woord wat deur dieselfde Heilige Gees geopenbaar word.

Baie praat van 'n spesiale bediening en verwys na wat hulle vermag het, maar nou het die tyd aangebreek waarin alles bewys moet word deur die Woord. Ware Christene is nie net tevrede met herlewings nie, hulle verlang daarna om God se Woord te hoor, dat dit moet deurdring tot diep in hul harte en geestelike vrugte voortbring. In hul gees het hulle diepe verlange na die werklikheid van die HERE.

Baie verkondig die wederkoms van Christus, maar net soos die Jode by Sy eerste koms, is hulle geslaan met blindheid. Die ooreenkomste is verbasend. Terwyl God besig is om Sy aangesig weer na die Jode te draai, en die eindtyd van genade vir die nasies aanbreek, verwerp Christene weer die HERE van die heerlikheid en kruisig Hom ook weer opnuut. Hulle gaan natuurlik voort om te praat oor hul Verlosser en Geneser, die Seun van God en Seun van Dawid, maar hulle weier om Hom as die **Seun van die mens** in Sy profetiese bediening te sien, waar Hy wandel in die midde van die sewe-lamp goue kandelaar. God het egter 'n klein groep oorblywendes, wat die beloofde Woord erken vir ons tyd en hulle sien Christus en Sy Gemeente in profesie.

Mag God genade gee dat almal die belangrikheid van die sewe-lamp verligte goue kandelaar sien, wat dieselfde Gemeente in die sewe kerkeue verteenwoordig, en hul boodskappers erken as die sterre in Sy regterhand. Die heerlikheid van die HERE, dieselfde pilaar van vuur, hang oor Sy Gemeente soos dit was met die kinders van Israel.

## Die duidelike kerk-eeue

Toe Johannes Christus en Sy Gemeente in profesie sien, was daar baie plaaslike gemeentes aan wie Paulus sy briewe gerig het. Die Heilige Gees het spesifiek hierdie sewe gemeentes in Klein-Asië gekies deurdat hul karakter eienskappe ooreengestem het met dié van die toekomstige sewe kerk-eeue. Nie 'n enkele Joodse gemeente word genoem nie – nie eens dié in Jerusalem nie, want die boodskappe het profetiese betekenis en handel slegs oor die heidense dispensasie.

Die Bybel sê vir ons dat die sewe sterre in die regterhand van Jesus Christus is, soos Hy in die midde van Sy Gemeente wandel. Hy is die Allerhoogste God, verhewe en geliefd te midde van Sy eie. Wanneer Sy boodskappers (sterre) ookal praat, doen hulle dit met gesag. In die regterhand van hul Meester – nie van denominasies nie – is hulle heeltemal in Sy beheer; hulle protesteer teen georganiseerde godsdiens.

Hoewel die onderskeie kerk-eeue reeds deur hooggeagte historici geïdentifiseer was, het dit die profetiese bediening van William Branham gekos om die sewe engel-boodskappers te identifiseer, wie die sterre was in die regterhand van die HERE om die boodskap vir hul tyd te bring. Die HERE het twee groepe geadresseer binne die Gemeente – die vleeslike en die geestelike. Hy het woorde van lof én van teregwysing gehad. Hy rig Sy boodskap aan die engel van elke kerk-eeu en het Homself met een van Sy goddelike titels voorgestel.

Volgens die geskiedenis en goddelike openbaring was die kerk-eeue soos volg:

Die **gemeente in Éfese** (Openb. 2: 1-7): *"Dit sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars".*

Éfese beteken om te *laat vaar* en te *ontspan*. Die eerste kerk-eeu was deur die HERE bestraf omdat sy haar eerste liefde verlaat het. Mense het begin om die oorspronklike Pinkster ondervinding te laat vaar en die slinkse gees van die Nikolaïete laat insluip. Hulle het begin om geestelikes te skep wat gesag oor andere afgedwing het. Die HERE het die uitverkorenes van die kerk-eeu geprys vir hul haat van die werke van die Nikolaïete, wie posisies en mag gesmag het. Diegene wat staanvastig in die oorspronklike leringe gebly het, kon maklik die valse apostels erken, want hul leringe het nie ooreengestem met die funda-fundamentele leringe van die Bybel nie.

Dieselfde is waar selfs vandag nog. Enige onderrig wat nie saamstem met die leringe van die apostels en profete nie, is vals. Paulus was so seker van die onfeilbaarheid van sy leringe, dat hy ‘n vloek uitgespreek het oor iemand wat 'n ander evangelie preek (Gal. 1). Die oorspronklike gesproke Woord van God is Waarheid en elke interpretasie daarvan is foutiewelik en 'n leuen van die duiwel. In die begin was die Woord – die oorspronklike saad. Maar toe het die vyand vir Eva subtiel uitgevra en God se Heilige Woord verkeerd geïnterpreteer in die Tuin van Eden. Die Nikolaïete het net soos Eva in sy strik geval.

Daar is 'n groot verskil tussen die verkondiging van die oorspronklike saad-Woord, en die interpretasie daarvan. Een bring geestelike lewe en ander geestelike dood. Satan ontken nie altyd Gods Woord nie. Hy het selfs na die HERE Jesus met die Woord gekom. Hy misbruik, wanvertolk en misplaas altyd God se heilige Woord.

Net soos Jesus, bly die oorwinnaars met die oorspronklike Woord en oorwin die vyand met die woord van hulle getuienis. Die belofte aan hulle in die eerste kerk-eeu, was dat hulle deel sal hê aan die boom van die lewe, wat in die midde van God se paradys is. Omdat Eva geluister het na die slang se interpretasie, was sy en Adam uit die Paradys verdryf en afgesny van die boom van die lewe. Maar deur Christus, word die oorwinnaars teruggebring na die boom van die lewe en na God se paradys.

*"Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê".*

Hierdie kerk-eeu het geduur tot 170 nC. Volgens ‘n goddelike openbaring aan Broer Branham, was Paulus die ster-boodskapper in die regterhand van die HERE vir hierdie kerk-eeu.

Die **gemeente in Smirna** (Openb. 2: 8-11): *"Dít sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het ...".*

Die betekenis van Smirna is bitterheid. Die naam is afgelei van die woord ‘mirre’, ‘n salf wat geassosieer word met dood. Diegene wat die interpretasie van die vyand geglo het – wat bekend gestaan het as die werke van die Nikolaïete – het geestelik gesterwe. Toe stig hulle die priestersamp om te heers oor ander (die lekedom) en ignoreer die feit dat die hele nuwe-testamentiese Gemeente aangewys is as 'n heilige priesterdom. Alle denominasies is geskoei op die eerste godsdienstige organisasie en word gemotiveer deur dieselfde gees. Die uiterlike voorkoms verander nie hierdie feit nie. Volgens die Woord van God is die eerste een die moeder en die ander die dogters (Openb. 17).

God se uitverkorenes het nie gebuig onder die valse leringe nie, en moes daarom deur verskriklike vervolgings gaan. Hulle was aangesê om getrou te bly tot die dood toe, om die kroon van die lewe te ontvang. Die tweede dood kan hulle nie skaad nie.

*"Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê".*

Hierdie kerk-eeu het geduur tot 312 nC. Baie manne was gebruik deur God in die bediening gedurende hierdie tydperk, maar dit blyk dat God se keuse as ster-boodskapper in die regterhand van die HERE, Irenaeus was. Hy het vas gestaan in die leringe van die apostels en die verkondiging van die volle evangelie. Sy bediening was bevestig deur die Almagtige God, met gepaard-gaande tekens.

Die **gemeente van Pérgamus** (Openb. 2: 12-17): *"Dít sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het …".*

Gedurende hierdie kerk-eeu het die afvallige kerk – die Nikolaïete – ‘n amptelike kerk geword en met die staat verenig; die heidendom was verenig met die Christendom. Alles was so subtiel gedoen dat die vleeslike Christene geswig het. Dit was die instelling van die leringe van Bíleam. Bíleam het die kinders van Israel en die Moabiete uitgenooi en 'n groot maaltyd berei wat die ondergang van Israel veroorsaak het. So ook het Konstantyn die raad by Nicea georganiseer en beide groepe daarna genooi. Israel het in Bíleam se strik geval, alhoewel hulle die bevestigde bediening van die profeet Moses met hulle gehad het. Hierdie sonde is nooit vergewe nie.

Tog was daar ook dapper manne van God gedurende hierdie tyd wat vasgehou het aan die waarheid. Hulle het die uitverkorenes versterk wie glad nie gekompromeer het met die staat of met die afvallige kerk nie.

Die belofte aan die oorwinnaars was dat hulle van die verborge manna sal eet en 'n wit keursteen met 'n nuwe naam sal ontvang, wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.

*"Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê".*

Hierdie kerk-eeu het geduur tot 606 nC. Volgens Broer Branham was St. Martin die ster-boodskapper in die regterhand van die HERE. Van almal wat die evangelie verkondig het, was sy kragtige bediening die naaste aan die leringe van die apostels, vergesel van bybelse tekens.

Die **gemeente in Thiatíre** (Openb. 2: 18-29): *"So sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper ..."*

Dit wat begin het op ‘n klein skaal in die kerk-eeu van die Efesiërs, bekend as die werke van die Nikolaïete, het gedurende hierdie kerk-eeu in die dominante pouslike kerk ontaard. Daarmee was die Gemeente in die donker eeue gewerp. Dit was asof ware christenskap en die ware bybelse leringe nooit bestaan het nie. Maar God het nog oorgeblywendes gehad wie onder leiding van die Heilige Gees Sy Woord gevolg het.

Die HERE het hierdie valse stelsel vergelyk met Isébel, wie afgodery in Israel ingebring het. Hulle het probeer om God se diensknegte te verlei om geestelike hoerery te bedryf. Maar God se uitverkorenes het nie gebuig voor hierdie mens-gemaakte stelsel nie. Selfs gedurende die tyd van duisternis en vervolging, het God se Woord die pad van Sy kinders wie nie mislei was nie, verlig. Die belofte aan die oorwinnaars was om mag oor die nasies te kry en oor hulle te heers met 'n ysterstaf. *"En Ek sal hom die môrester gee".*

*"Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê".*

Hierdie tydperk het geduur tot 1520 nC. en wie uitblink as 'n sterboodskapper in die regterhand van die HERE daarin is Columba. Sy bediening is gebaseer op die oorspronklike Woord van God en is bevestig deur die Almagtige.

Die **gemeente in Sardis** (Openb. 3: 1-6): *"Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het ...".*

Dit bring ons by die tyd van die Reformasie, toe daar ná 'n lang duisternis, 'n ligstraal gekom het. God het, in Sy oneindige genade, 'n nuwe begin gemaak met Sy lewende Woord, toe daar geestelike dood was. Geleidelik het die lig wat in hierdie tydperk aangesteek is, gegroei, sodat ons vandag die volle openbaring van Jesus Christus het.

Die HERE het gesê: *"Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood".* Dié kerk het titels gebruik, net soos die Roomse Kerk. Hulle het nie geweet die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees is die **HERE Jesus Christus** nie.

Diegene wat die God-gestuurde boodskap geglo het, het nie hul klere besoedel nie. Die belofte aan die uitverkorenes in hierdie tyd is: *"Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie ...".*

*"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê".*

Hierdie kerk-eeu het geduur tot 1750 nC. Gedurende hierdie kerk-eeu was daar baie dapper manne wat deelgehad het aan die werk van die Hervorming, maar weens sy dinamiese bediening was Martin Luther die ster-boodskapper in die regterhand van God, wie ronduit verkondiging het: **"Die regverdige sal uit die geloof lewe"**.

Die **gemeente in Filadelfía** (Openb. 3: 7-13): *"Dit sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het ..."*

Dié kerk het geen woord van waarskuwing van die HERE ontvang nie. Dit was die groot sendelings-kerkeeu van die ope deur en broederlike liefde. Diegene wat geïnspireer was deur die Woord en Gees van God, het oor die hele wêreld gegaan. Mense het nie die Woord bespreek nie, hulle het dit geleef. Diegene wat die verkondiging van God se Woord gehoor het, het groot skuldgevoel gehad oor hul sonde. Dit was 'n ongelooflike tyd in die geskiedenis van die Gemeente. Die effek van die preke was so kragtig dat selfs diegene van die sinagoge van Satan, moes erken en buig voor die Woord.

Die gelowiges het die belofte ontvang dat hulle beskerm sal word in die uur van beproewing, wat oor die hele aarde in die laaste kerk-eeu kom. Reg en verkeerd sal so naby aan mekaar wees; net die uitverkorenes sal, deur God se genade, die verskil ken tussen die egte en die namaaksel. Die oorwinnaars in hierdie kerk-eeu, het 'n belofte dat hulle 'n pilaar gemaak sal word in die tempel van God.

*"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê".*

Hierdie wonderlike kerk-eeu het geduur tot 1906 nC. Die ster-boodskapper in die regterhand van die HERE was John Wesley, wie voortgegaan het om die fakkel van die Woord te dra en het 'n groot openbaring van heiligmaking gehad.

Die **gemeente van die Laodicense** (Openb. 3: 14-22): *"Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God ...".*

Hierdie kerk-eeu is in die mees patetiese toestand en die HERE het geen woorde van lof daarvoor nie. Self-verleiding is aan die orde van die dag: *"Ek is ryk ... en het aan niks gebrek".* Uiterlik is hulle goed bedeeld met wêreldse rykdom maar is onbewus van die feit dat hulle ellendig, beklaens-waardig, arm, blind en naak is. Maar Hy wat oë het soos 'n vuurvlam, sien die werklike toestand van Laodicea.

Hulle sing en praat natuurlik nog van Hom, maar het 'n vorm van aanbidding en wêreldse aktiwiteite oorheers in hul midde. In plaas daarvan het hulle voor en na die diens tyd maak om te bid, sien hulle uit na speletjies en vermaaklikheid na die byeenkomste. Hulle is nie eens bewus dat hulle Hom verstoot het en Hy dus nie meer in hulle midde is nie. *"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop ...".* Die kerke gebruik hierdie stelling in die algemeen teenoor die sondaars, maar God gebruik dit in verband met die kerke. Die HERE staan buite en klop en vra ons om die deur oop te maak.

Hulle gee valslik die indruk dat die HERE nog steeds by hulle is. Doelgerig kyk hulle verby die werklike toestand soos in die Woord van God beskryf word deur die HERE Jesus Homself. Dit is die mees verleidelikste van alle tye. Mense probeer nog steeds om 'n atmosfeer van herlewing te skep, maar wil nie hul toestand erken nie. Daarom, omdat hulle nie die waarheid wil glo nie, stuur God hulle die krag van die dwaling om die leuen te glo (2Thess. 2:11). Dit maak nie saak wie ons is nie, wanneer ons die waarheid verwerp, maak ons onsself oop vir die verkeerde.

Die vyand het elke kerk en denominasie, elke evangelis en prediker, op die mees geslepe manier verstrik. Hy maak hulle selfs suksesvol in wat hulle doen, solank hulle net nie die boodskap en die boodskapper vir hierdie tyd erken nie. Sommige is selfs oortuig dat hulle nooit by die Wêreld Raad van Kerke sal aansluit nie, maar onwetend is dieselfde gees op hulle en is hulle deel van dieselfde sisteem. Elke Christen organisasie dra dieselfde gees as die van die oorspronklike een. Enigeen wat God se boodskap verwerp, soos deur die lig van die Heilige Gees gebring, ontvang die merk van die dier.

Allerhande dinge word toegeskryf aan die werk van die Gees. Reg en verkeerd is so na aan mekaar dat slegs die uitverkorenes, wie die Woord het, die verskil ken.

Dan is daar die charismatiese beweging, wat poog om geestelike lewe in die Wêreld Raad van Kerke in te blaas. Volgens profesie is dit die beeld van die dier. Maar die Gees van God roep uit: *"Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die HERE; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem"* (2Kor. 6:17). Omdat Christus gedurende die Laodicense kerk-eeu buite die kampe is, kom al die uitverkorenes, wat Sy stem hoor, uit elke godsdienstige kamp uit en gaan staan aan Sy kant – die kant van die Woord – en dra Sy smaad. Hulle het egter die belofte dat hulle sal deelneem aan Sy heerlikheid:

*"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met my te sit op my troon ..."*

Sonder enige twyfel is daar baie uitstaande manne in die verskillende denominasies, maar wie was die uitverkore ster-boodskapper in ons tyd? Die maatstaf moet altyd bybels wees; ons kan nie na sukses, indrukke of persoonlikhede kyk nie. Ons moet God se keuse identifiseer.

Sonder huiwering kan ons voor die Almagtige God sê dat Broer Branham skriftuurlik geïdentifiseer en magtig bevestig is van bo as die engel-boodskapper vir die laaste kerk-eeu. Laat almal wat ore het om te hoor wat die Gees aan die gemeentes sê, nie langer gebonde aan tradisie wees nie, maar uitkom, hulself skei van alle ongeloof en terugkeer na die oorspronklike Woord van God.

## Daar kom die Bruidegom ...

Ons word vermaan tot nugterheid in al ons handelinge en om nie enige datums vir die wederkoms van die HERE te spesifiseer nie. Mag Christus ons wakend en wagtend vind – voorbereid vir Sy koms.

*"Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen"* (Matt. 24:36). Jesus Christus het verwys na dinge wat moet gebeur voor Sy wederkoms. Ons sien nou die vervulling daarvan. Hy het gepraat van die vyeboom (Israel), oor ander tekens van die tyd en ook oor Sy eie teken – die **teken van die Seun van die mens**. Jesus het van ons tyd gepraat toe Hy gesê het: *"Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie"* (Matt. 24: 34-35).

Die gelykenis in Matthéüs 25 het in ons tyd 'n brandende vraag geword in baie harte: *"Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. Vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas. En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem ... terwyl die bruidegom talm ... het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom: Gaan uit hom tegemoet! ... en die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit".*

Hulle het toe almal hul lampe geneem en uitgegaan om die Bruidegom te ontmoet. Maar die verstandiges het olie in hulle kanne geneem – die dwase nie. Die uur is naby waarin die HERE Sy heerlikheid gaan manifesteer in die Bruid – die wyse maagde wat die saad-Woord ontvang. Die dwases sal besef hoe die wyses deur die geopenbaarde Woord gestimuleer word en dan graag ook dieselfde Gees wil ontvang. Maar dan kom die Bruidegom, en hulle wat gereed is, gaan met hom.

In die verlede, het ons verskillende weergawes gehoor van hierdie gelykenis. Maar omdat ons nou die simbole van die Bybel verstaan, sien ons die profetiese betekenis. Die bybelse simbole: "maagd", "lamp", "olie", "kanne", ens., dui aan ons die volle prentjie.

Maria, wie 'n maagd genoem word, het genade gevind met God en uit die mond van die engel die woord van belofte vir haar tyd gehoor. Die Heilige Gees het op haar gekom en die krag van die Allerhoogste het haar oorskadu. Omdat sy geglo het, het die wonderwerk gebeur. Die Woord self was in die baarmoeder van die maagd geplant en die Woord van belofte is vervul – die Woord het dus vlees geword. So is dit vandag. Die beloofde Woord-saad van die uur word ontvang deur die wyse maagde; hulle glo dit, en dan kom die krag van die Heilige Gees oor hulle en word 'n werklikheid in hul lewens.

‘n Maagd is onaangeraak van ‘n man, rein en skoon. Die Woord self praat van gelowiges, hulle wat nie geestelik hoereer nie, maar hulself suiwer hou, heilig en gewy aan die HERE. Die tien maagde versinnebeeld die gelowiges in hierdie geslag. Soos Maria, het die wyse maagde genade by God gevind. Toe hulle die woord van die belofte hoor, was hulle verlig deur die lig wat aangesteek is in hierdie laaste kerk-eeu.

Die dwase maagde was nie verbind met die bestendige stroom olie nie, die Heilige Gees, en het die finale voorbereidings gemis. Hul lampe het gebrand, maar hulle het nie saam met die ontluikende openbaring beweeg tot aan die einde nie, om deel te hê aan die belofte-vervulling nie. Hulle olie is nie aangevul nie en hul lampe het dood gegaan.

Die dwase is die vleeslikes onder diegene wat uit slawerny kom. Hulle het die letter, maar nie die Gees van die Woord nie. Hulle is oortuig dat die lig wat hulle aanvanklik ontvang het, al is wat nodig is. Hulle het hul lampe geneem en gedink hulle kan die Wegraping maak, maar op die mees kritieke tyd het hul olie opgeraak. Dit is belangrik om persoonlik verbind te wees met die voortdurend-bewegende Heilige Gees.

Almal het aan die slaap geraak, toe die Bruidegom talm. Dit is nou die tyd om te ontwaak, want die geroep weerklink: *"Daar kom die bruidegom".* Al tien maagde het dieselfde begin. Aanvanklik het hulle die kerk-eeu se lig ontvang en hul lampe het gebrand. Hulle het dieselfde geroep gehoor, hul lampe skoongemaak en uitgegaan om die Bruidegom te ontmoet. Die bekroning is egter aan die einde en nie aan die begin van die wedloop nie.

Ons is nou in die tyd van beproewing. Vir die kinders van Israel was dit nie genoeg om die God-gestuurde profeet, Moses, te erken nie, of om net van hom te praat nie; hulle moes gehoorsaam wees en in geloof reageer op elke belofte van God, toe hulle uit slawerny uitkom. Aan die einde was hul geloof op die proef gestel. Aanvanklik het alles wonderlik gelyk. Hulle het gejubel en was uitermatig bly vir die wonderwerke wat die HERE in hul midde gedoen het. Maar toe het ontevredenheid hulle beklem en het hulle gemurmureer. Hulle het geestelike dinge vleeslik beoordeel en omdat hulle nie God se manier van handel verstaan het nie, het hulle teen Hom gesondig.

Die wyse maagde daarinteen, hou hul balans in alle dinge. Christus beteken alles vir hulle. Hulle vertrou nie op die persoon van die God-gestuurde profeet nie, maar glo die Woord wat hy gebring het. Ons moet aanhou voortbeweeg, gelei deur die Heilige Gees. Dit is nie genoeg om net te praat oor die spesiale verligting of die besoeking van God in ons tyd nie, ons moet aanhou wandel met Jesus Christus, totdat ons ons bestemming bereik.

Die wyses honger en dors na God, en hulle sal versadig word (Matt. 5:6). Die geestelike voedsel – die geopenbaarde Woord van God, die verborge manna – was opgestoor vir die uitverkorenes van hierdie kerk-eeu. Daar kon nie ‘n uitdeling van die voedsel wees as daar nie eers ‘n opstoring was nie. *“Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel optyd te gee?”* (Matt. 24:45)

Die uitverkorenes – die wyse maagde, die oorwinnaars – het nie net die Heilige Gees ontvang nie, hulle het die getuienis van Jesus Christus, wat die Gees van profesie is (Openb. 19:10). Hulle is deel van God se plan in die eindtyd.

Mag ons nooit ontevrede word en die Heilige Gees bedroef dat dit van ons af weggaan nie. Die wyses het geen tyd om te kla en te murmureer nie want hulle is te besig met hul voorbereiding om die Bruidegom te ontmoet. Binnekort gaan Matthéüs 25 geskiedenis wees.

Dit baat niemand om te roem dat hulle die boodskapper en die boodskap ken, maar hulle weier om die lig te volg nie. God se werk gaan vervolmaak word deur goddelike liefde. Al die lede van die liggaam van Christus word verenig met mekaar en met die Hoof. Die Sluitsteen sal aanstonds Sy posisie inneem – Christus is beide die Hoeksteen en die Sluitsteen, die Alfa en die Omega.

Die wat glo in die eindtyd boodskap, moet nie dieselfde fout begaan nie, om te praat van die dinge wat God onlangs gedoen het en met groot verwagting kyk na dit wat Hy in die toekoms nog gaan doen, maar dit wat Hy nou doen miskyk nie.

Aan die begin van die Nuwe Testament kon die gelowiges dag en nag praat oor die bediening van die God-gestuurde profeet, Johannes die Doper. Maar as hulle nie verder gegaan het met die HERE Jesus Christus nie, het hulle dit gemis wat gevolg het, selfs die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag. Al kon hulle praat oor dinge wat gebeur het tydens die magtige bediening van die HERE Jesus Christus self, maar die verbinding met die werk van God wat daarop gevolg het, gemis het, sou hulle nie deel uitgemaak het van Sy plan op daardie tydstip nie. Die korrekte houding is om deel te wees van dit wat God nou doen – dit verbind ons met wat volgende sal plaasvind.

Deur God se genade is ons ook bekend met Christus as die Profeet, as **Seun van die mens**. Sy Woord is vir ons, *"So preek die HERE".* Mag ons Hom behaag in hierdie belangrike uur en genade in Sy oë vind, tot Sy wederkoms, sodat ons deel kan het aan die dinge wat die HERE belowe het Hy gaan doen. *"En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon"* (Rom. 8:11). *"Want die skepping wag met reikhalsende verlange na die openbaarmaking van die kinders van God"* (Rom. 8:19).

## Die regte gesindheid

In tye van buitengewone bonatuurlike besoekinge van die HERE moes hulle wat uit slawerny uitgekom het, baie versigtig wees en nugter bly. Hulle moes die regte Gees en houding teenoor die dinge van God handhaaf. Dit is maklik om ‘n plaasvervanger te aanvaar en die Heilige Gees weg van ons af te bedroef. Wanneer mense vernalatig om in ooreenstemming met die Woord van God te bly, kan hulle maklik in afgodery in wegsink, sonder om dit te bemerk.

Die kinders van Israel het weggedraai vanaf God en skande op Hom en Sy Woord gebring toe hulle die goue kalf gemaak het. Dit is onverstaanbaar hoe Aäron, die een naaste aan die profeet, die mense kon bymekaar maak en Israel tot afgodery bring. Hulle oë was verblind deur vleeslike vergelykings, wat die bediening van die God-gestuurde profeet gediskrediteer het.

Wat ‘n belangrike les vir ons om te leer! God is nie ‘n aannemer van persoon nie. Om met ‘n God-gestuurde profeet te wees, maak ons verantwoordelikheid soveel groter. Na so 'n bediening volg daar altyd 'n tyd van versoeking. Ons is verplig om alles met die Woord van God te verifieer. Die Israeliete het nie besef dat hul dade eintlik die profetiese bediening gediskrediteer het nie en dit wat God gedoen het, tot skande gebring het nie. Die Woord hou steeds waar: *"Ek is die HERE, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie"* (Jes. 42:8).

Kan dit wees dat die geskiedenis herhaal word onder die sogenaamde gelowiges? Die ware Bruid bly altyd getrou aan die Woord; sy glo en is altyd gehoorsaam en kan nie mislei word deur enige fanatisme nie. Sy glo dat God alle dinge doen volgens Sy plan en voorneme.

Wanneer iets gedoen word in opdrag van God, is dit 'n seëning, maar dieselfde ding kan verander in 'n vloek as die gees van afgodery insluip en vleeslike betekenis daaraan toegeskryf word. Dit is dus noodsaaklik dat almal wat hulself gelowig ag, versoen moet word met God se Woord.

Die eindtyd boodskap op sigself is die goddelik geopenbaarde, hele Raad van God, en moet korrek geplaas word binne die onthulling van die groot verlossingsplan. Ons bou nie op stellings wat uit verband geruk word nie, maar op die soliede fondasie van die Heilige Skrif, wat vir ons die absolute gesag is. Alle preke van Broer Branham moet korrek geplaas word in die Bybel. Enigiemand wat nie bereid is om die Woord van God die finale gesag te gee nie, word nie deur Sy Gees gelei nie, en sal vroeër of later wegdraai vanaf die waarheid.

God het nie 'n nuwe godsdiens begin nie en ook nie 'n nuwe Bybel gegee nie. Broer Branham het in die middel van alle denominasies en godsdienstige bewegings gestaan en die Woord van God verkondig om die kinders van die HERE uit te roep. Wat hy ookal gesê het, moet in die regte verband gesien word met die Woord van God, waaraan niks bygevoeg kan word nie of niks daarvandaan weggeneem mag word nie.

Daar was geen tyd op aarde waarin die verlossingsplan so duidelik soos nou gemaak was nie. Maar tog kom die vyand en saai ‘n saad van teenstrydigheid (Matt. 13). Ons moet nie daardeur mismoedig word nie, of toelaat dat ons aandag daardeur afgetrek word nie, want dit was ook so in die tuin van Eden en in die hele Ou en Nuwe Testamente. Wanneer ‘n ware man van God op die toneel gekom het, het daar altyd nabootsers gevolg. Selfs in die dae van Paulus was daar hulle wie gevolg het met verdraaide leringe.

Volgens die Woorde van Christus moet ons dit laat saamgroei tot die oestyd, wanneer die koringkorrels geskei sal word van die onkruid. Tot dan val die reën op beide sade – die regverdiges en die onregverdiges, en die son skyn op die goeie en die slegte.

Lede van die liggaam van Christus, weerhou hulle van enige interpretasie van die Woord, visioene en voorspellings. Ons verkondig die Woord en die res laat ons in die hande van die Almagtige God. Wanneer die HERE ‘n visioen of ‘n belofte gee, sal Hy alleen sorg dra daaroor. Dit is uitsluitlik Sy verantwoordelikheid. In Sy eie tyd sal die betekenis daarvan geopenbaar word.

Sommige dink dat 'n paar dinge wat Broer Branham in 'n gesig gesien het, nog moet gebeur maar neem nie in ag dat natuurlike dinge soms geestelike betekenis het nie. As profete in die eerste persoon gepraat het oor dinge wat sou gebeur, het hulle nie altyd geleef ten tye van die vervulling daarvan nie. Hul visioene was egter nietemin "So spreek die HERE!".

Toe Petrus op die dak was, het hy ‘n seldsame visioen gesien. Hy het ‘n verskeidenheid viervoetige diere gesien, wildes, kruipendes, ens – 'n baie vreemde prentjie. Hy is meegedeel: *"Slag en eet!"* die gesegde: "God bedoel wat Hy sê en sê wat Hy bedoel" het slegs betrekking op die geestelike. Die HERE toon dikwels natuurlike dinge in 'n gesig om die geestelike te beskryf. Petrus het aanvanklik nie die visioen verstaan nie, maar God het aan hom die antwoord gegee. Hy werk aan beide kante (Hand. 10).

Dink net watter groot skade die fisiese interpretasie van hierdie visioen kon veroorsaak het! Wat as Petrus en andere begin praat en preek het daaroor? Dit was aan Petrus gegee vir persoonlike leiding.

Toe die HERE aan my dagbreek op April 2, 1962 gesê het van die opstoring van voedsel en van die komende hongersnood, het Hy verskillende kos-soorte, groente, aartappels, meel, olie, wortels, ens., genoem.

Ons het gedink daar kom ‘n natuurlike hongersnood, sonder om te besef wat God se Woord sê oor so 'n hongersnood in Amos 8:11. Ons het die woorde van die HERE letterlik opgeneem en die kossoorte gestoor.

Ek het die geestelike betekenis van hierdie woorde nie verstaan nie, totdat ek broer Branham ontmoet het op Desember 3, 1962, toe hy aan my deur ‘n goddelike openbaring gesê het dat dit nie ‘n natuurlike hongersnood was nie, maar 'n geestelike; ‘n honger na die Woord van God. Hy het my vertel dat die kos wat ek moet stoor, die geopenbaarde Woord van God vir hierdie tyd is, wat die preke was wat op band opgeneem was. God self sal Sy werk voltooi volgens Sy goddelike plan. As ons net kan rus in Hom en voortdurend *"... die oog gevestig (hou) op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof ..."* (Hebr. 12:2).

Kom ons proklameer die hele Raad van God, die volle Evangelie van die HERE Jesus Christus en dien Hom heelhartig. Totdat Jesus kom, sal ons redding verkondig aan die verlorenes, genesing van siekes, bevryding aan die gevangenes en aan die wat verdruk word deur die vyand. Ons sal diegene doop wat Christus aangeneem het en berou het oor hulle sondes, en bid dat hulle die Heilige Gees ontvang. Ons sal die nagmaal bedien en die voetewas waarneem – ons sal al Sy gebooie uitvoer.

Sou u in aanraking kom met individue of groepe wat hul balans verloor het, moenie die kosbare Woord versmaai daaroor nie. Ons verwerp nie vir Petrus net omdat sy standbeeld opgerig is in die Vatikaan en miljoene dit 'n afgod maak deur dit in die openbaar te soen nie. Toe ek dit sien, het ek duiselig gevoel, maar ek hou aan om die HERE te loof vir die groot apostel, wat God op so 'n wonderlike manier gebruik het.

Ongelukkig gaan sommige mense oorboord, as dit kom by Broer Branham. Maar laat ons nie daarna kyk nie. Die vyand is altyd oor-aktief waar ookal God aan die werk is, om ons weg te lei van wat God besig is om te vermag.

Die HERE Jesus Christus moet die middelpunt van ons gesprekke, ons sang, prediking en gebed wees. Hy moet voorrang geniet in alle sake. Hy is die een in die midde van die sewe-lamp goue kandelaar. Alhoewel Sy dienaars en profete, gerespekteer moet word vir hul bedienings en die posisies waarin Hy hulle aangestel het, verdien die HERE Jesus Christus alleen ons bewondering en aanbidding, ons lofprysings en verheerliking.

*"Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig, aan die alleen-wyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid. Amen"* (Jud. 24-25).

Deur Sy opdrag

Bro. Frank



© deur die outeer en verspreider, E. Frank

*************

Wie graag meer wil weet oor wat God gedoen het en nog steeds doen in ons tyd, kan ons gerus kontak by enige van die onder-genoemde kontakpunte.

Ander beskikbare boekies sluit in:

**IN DIE BEGIN WAS DIE WOORD, NIE DIE INTERPRETASIE NIE**

**DIE CHRISTENDOM GISTER EN VANDAG**

**DIE BYBEL – DIE MEES-GELESE BOEK**

**DIE DOOP, NAGMAAL EN VOETEWAS**

**GOD EN SY PLAN MET DIE MENSDOM**

**'N PROFEET BESOEK SUID AFRIKA**

**'N MAN VAN GOD GESTUUR**

**DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS**

**SABBAT, 'N GEBOD VIR ALMAL?**

**DAAR IS GESKRYWE**

**DIE ANTICHRIS**

Dit is alles gratis bekombaar, en vele ander onderwerpe in Engels, by die ondervermelde plaaslike kontakpunte. Van dit kan ook verkry word, onder andere, in Duits, Frans, Italiaans, Spaans, Russies en Roemeens, direk by:

Sendeling Ewald Frank
Posbus 100707
D–47707 Krefeld
Duitsland

Webwerf: http://www.freie–volksmission.de

E–pos: volksmission@gmx.de

Ons Plaaslike Kontakpunte:



Hierdie foto is geneem in Houston, Texas, in die VSA op 24 Januarie 1950. As gevolg van die bonatuurlike lig bo-oor die hoof van Broer Branham was die negatiewe van die foto na die Douglas Studio in Houston gestuur, na Dr. George G. Lacy, 'n ondersoeker van betwisbare dokumente vir die FBI. Na deeglike mikroskopiese ondersoek het hy die volgende bevind: **"Dit is my absolute oortuiging dat die film eg en ongeskonde is en nie dubbeld aan lig blootgestel was nie; dat die Ligstraal bokant die kop veroorsaak is deur 'n lig wat die negatiewe getref het".**

ZA

AFRIKAANS